

'n Vuurwarm preek!

Baie mense geniet 'n *"warm preek"*. 'n Preek wat jou van begin tot end gespanne op die punt van die kerkbank laat regop sit. En as die predikant klaar gepreek het hoor jy die lidmate sê: *"Sjoe, dominee, maar vanmôre het jy weer hard met my gepraat oor my sondes."* *"Dit was darem nou vir jou 'n goeie preek, dit het gevoel asof jy net vir my gepreek het."* Ja, in preke waarin die oordeel van die Here aangeblaas word totdat dit gloei soos 'n oond, is preke waarvan baie mense hou. Tydens so 'n preek ruik jy amper die swaeldampe in die kerkgebou. Party mense kry trane in hulle oë, word diep geraak, terwyl ander weer voel – ek hoop die ander het goed na hierdie preek geluister, want dit was spesifiek vir hulle bedoel.

Die profeet Amos begin sy boek met so 'n vuurwarm preek. 'n Preek wat die vonke van God se oordeel laat spat en vuur. Daar was sekerlik van Amos se hoorders wat ongemaklik begin raak het toe Amos ook sy volksgenote onder die spervuur bring. Ja, dit raak darem nou te naby. Amos moet nou sy amen begin kry, want God se oordeel bring hy darem nou baie naby aan die huis. Dit was goed vir die volk om te hoor van hoe God se straf die ander volke en nasies gaan tref, maar die eintlike boodskap is: Israel, jy moet ook nou nader staan. Jou God het oor jou ook 'n paar sake te sê. Luister nou mooi en luister nou goed!

Laat ons Amos 3:1-15 gaan toepas in ons eie lewe. Hoe lyk ons godsdiens in die oë van die Here? Is Hy tevrede met die manier waarop ons hom dien? Is Hy tevrede met ons gesindheid as ons saam in sy kerk vergader? Is Hy tevrede met die manier waarop ons Hom loof, prys en tot Hom bid? Is Hy tevrede met jou lewe daar by die huis, by die werk of by die skool?

Wel, ek wil jou nie ontsenu nie, maar God word nie maklik tevrede gestel nie. God het hoë standaarde waaraan sy dienaars moet voldoen. Ons Here is eenvoudig nie tevrede met tweede beste of met ons tweede keuse nie. Nee, dit is 'n *hele* hart, *hele* siel, *hele* verstand en *al* my kragte. As God ons nou een vir een voor sy regterstoel sal moet roep, wat sal Hy oor jou en my lewe te sê hê? Of eerder, wat sal jou verskoning aan Hom wees? Here, ek het nie geweet nie. Here, ek het nie besef nie. Here, my skoolwerk en sport was belangriker as my kerkisasie. Here, ek sou graag meer in die kerk wou kom, maar U weet mos hoe besig ek is, hoe ver die kerk is, hoe min tyd ons as gesin saam het.

En as die Here nou hier by die altare van die GKSA moes kom staan – wat sal Hy sê? Mooi so, goeie en getroue gemeentes. Julle het julle roeping in hierdie sondige wêreld besef en uitgeleef. Julle het soos 'n stad op 'n hoë berg helder en skitterend julle lig laat skyn. Julle het My gediën in volle oorgawe. Julle het my huis in stand gehou en tot my eer die vlamme van die altare hoog laat brand. Julle was lief vir mekaar. Julle het mekaar se laste gedra en na mekaar omgesien soos dit hoort.

Ek is bevrees God sal ook die altare en die horings van ons gemeentes moet platslaan. Want ook ons skiet so ver tekort. Ook ons is nie op standaard nie. Daar is nog teveel van ons wat nie werklik besef Wie God is nie. God laat nie met Hom speel nie. God duld geen halfhartigheid nie, nee, dit is of ALLES of NIKS! Mag God ons deur sy Heilige Gees daartoe help!

Sing: Psalm 38:1, 2 (1936); Psalm 135:1, 2 (1936)

Ds CJ Nagel (jr) (Nylstroom)